# Gebedsbulletin No. 25 van 2026

## 21 Junie 2026

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

## As God 'n een-lyner oor ons moet skryf

Toe is die skrif teen die muur - letterlik en figuurlik. Ek praat van daardie dag toe God die  of one liner oor koning Belsasar teen sy paleis se muur geskryf het terwyl hy en sy vriende partytjie gehou het. Ons lees in Daniël 5:25-28 hoe sy ganse lewe in 'n paar woorde saamgevat word: "Mene, mene, tekel, ufarsin." Oftewel: "Getel, getel, geweeg, verdeel."

Ek wonder wat sou God oor die meeste mense se lewe geskryf het as Hy hier en nou 'n een-lyner oor almal sou doen? Wat van jou en my? Watter sondes steek ons weg? Hoeveel skanse stel ons op sodat niemand naby ons ware self kan uitkom nie? Dalk is dit tyd vir 'n stukkie padlangse eerlikheid met onsself in God se teenwoordigheid. Dit is in elk geval 'n ewigheid beter om hier en nou voor God te kom staan as dat Hy dit eendag van Sy kant af moet inisieer. Vandag is steeds genadetyd. Vandag kan ons in Jesus se Naam tot Sy troon van genade nader.

***Hoor en glo die woorde van Hebreërs 4:14-16:***

*14) Ons het nou 'n groot en magtige Hoëpriester. Hy is Jesus, die Seun van God. Daarom moet ons met alles in ons vashou aan dit wat ons oor Hom bely. 15) Hy is 'n hoëpriester wat vol simpatie is met ons as gevolg van ons swakhede. Hy is op presies dieselfde maniere versoek as onsself in alles. Maar Hy het nooit enige sonde gedoen nie. 16) Laat ons dan nou met groot vrymoedigheid naderkom na ons genadige God se troon toe. Daar sal ons ontferming ontvang. Daar sal ons genade raakloop. Daar sal ons op die regte tyd hulp kry.* (NNT)

*deur* **Stephan Joubert**

## Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Juanita Rossouw
Marcel Holtzhausen
Janine Vorster
Hettie Singleton
Jaap Naudé
Tannie Sannie Wentzel
Arno Claassen
Wessel Louwrens
Debbie Fourie
Stefanie Joubert
Oom Dup du Plessis




## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan 'n houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***…

- HERE, ek het U lief! AMEN




## GEDAGTE VD WEEK




<u>*Byvoorbaat baie dankie vir jou bydrae's . . .*</u>
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in